GRAIN SA
GRAAN SA

Februarie 2012

# PULA IMVULA

Graan SA tydskrif vir ontwikkelende produsente

# Grond, water en gewasbestuur gedurende Februarie



LEES BINNE:


3 > Dit begin alles op 'n jong ounderdom

9 > Ervaring van 'n leeftyd vir William

10 > Die tersaaklikhede van menslike hulpbronbestuur



6



11

**BOERE WAT DIE OMSTANDIGHEDE VAN DIE GROND OP HUL LANDE EN AANGEPLANTE WEIDING WAARGENEEM HET, SOU 'N PAAR DRASTIESE VERANDERINGE IN DIE GROND GESIEN HET, VAN 'N BAIE NAT SOMER EN HERFS NA 'N BAIE DROË VROEË SOMERSEISOEN.**

Reënvalvoorspellings deur kenners voor die aanvang van die somergewas plantseisoen gedurende laat Oktober, het aangedui dat ons 'n 40% tot 50% bogemiddelde reënval vir Oktober en November 2011 en Januarie 2012 sou hê. In werklikheid was Oktober in die meeste gebiede droog, met 'n droë November en met 'n voorspelling vir laat reëns in Desember ten tye van die skryf van die artikel.

## Huidige grondtoestande bepaal bestuurskeuses

Baie van die grond wat konvensioneel bewerk is, het deur die winter gekom in 'n droë, harde, gekompakteerde toestand. Sommige boere was nie in staat om tandimplemente te gebruik om die harde laag los te maak en die grond te deurlug nie. Hierdie noodsaaklike operasie sal bakteriese aktiwiteite stimuleer sodat die afbreek van die vorige oesreste tydens konvensionele bewerking, 'n aanvang sal neem en die stikstofbalans in die grond voor plant herstel. Onthou dat hierdie proses tot vyf weke kan neem voor die stikstof herwin word en vir die plant beskikbaar gestel word.

Waarnemings in die groei en toestand van die huidige koringoes by beide konvensionele en bewaringsbewerkings het die volgende getoon. Grondverdigting is nie aangespreek tydens plant nie, of die koring is in te nat toestande geplant met dubbele skottels wat die saad afgeseël het van die grond. Die koue winter verhoed die normale beskikbaarheid van stikstof vir die grond en wortelprofiel. Boere onderskat die loging van stikstof wat gedurende die baie nat somerseisoen plaasgevind het. In sommige gevalle is die ekstra toediening van stikstof nie

# Grond, water en gewasbestuur gedurende Februarie



## Mme Jane sê...

Die afgelope somergewas plantseisoen was baie moeilik en enige boer wat al die gewasse soos beplan, aangeplant het, het baie goed gedoen. Die reën was baie laat en in baie areas het onvoldoende reën geval om 'n goeie oes te verseker.

Ons moet te alle tye onthou dat boerdery nie maklik is nie – dit is baie bevredigend en jy werk buite in 'n skoon omgewing, maar daar is geen waarborge nie. Elke jaar begin jy van voor af. Omdat ons afhanklik is van reën om ons gewasse te produseer, is dit belangrik dat ons as boere altyd die beste doen wat ons kan, sodat ons die reën wat dan val, optimaal kan benut.

Baie kommersiële boere is in 'n posisie om lank voor die tyd hulle lande voor te berei, sodat hulle dadelik kan plant sodra reën val. Baie boere kan nie vooruit werk nie – gewoonlik as gevolg van finansiële en meganiese probleme. Sodra reën val, begin kommersiële boere plant, maar ontwikkelende boere begin met grondvoorbereiding. Dit veroorsaak dat laat aanplantings geskied, wat 'n verlaagde opbrengs kan meebring.

Kyk rond om te sien wie se gewasse goed lyk – vind dan uit wanneer dit geplant is. Kom ons wend 'n groot poging aan om ons lande betyds voor te berei sodat ons volgende lente betyds kan plant.

opgeneem in die kunsmisaanbevelings nie. Hierdie faktore, tesame met die baie koue winter grondtoestande, het gelei tot swak sekondêre wortelontwikkeling en groei en baie swak spruitvorming. Koringare is klein en die finale pit telling van tussen 30 en 35 pitte per aar is laag in vergelyking met die aantal are. Die warm, droë Oktober en November tydperk het nou net al hierdie faktore meer belangrik gemaak as in 'n meer normale jaar.

Dieselfde lesse hierbo kan toegepas word by die produksie van somergewasse. Gebruik die geleentheid om dwarsdeur die hele seisoen profielgate te grawe by elke somergewas en in die verskillende grondsoorte op die plaas. Kyk ten minste na die boonste 150 mm tot 180 mm elke keer wat die lande besoek word, om die heersende grond en watertoestande te evalueer.

### Later aanplantings en toestande

As jy nie in staat was om teen die optimum tyd te plant nie en gewasse laat geplant is, moet die volgende faktore oorweeg word. Beoordeel die blaarkleur en groeistadium van jou mielies, sojabone of sonneblom, of neem blaarmonsters vir ontleding. As jou waarnemings of blaartoetsresultate toon dat die gewas onderbemes is, kan 'n ekstra plasing van stikstof of 'n kombinasie van stikstof en swael oorweeg word. Onthou dat die loging van die stikstof gedurende die vorige winterseisoen oorgedra kan word na die huidige oes. Hierdie tekort kan duidelik word as jy die toestand van die huidige oes sorgvuldig waarneem.

#### *Sojabone*

By later aangeplante sojabone moet die gewas vir knopvorming ondersoek word, van die eerste week na plant regdeur die seisoen. Indien daar swak enting was, of die knopvorming verskil van plant tot plant, of in 'n land van area tot area, is dit moontlik om die potensiaal te verbeter, of selfs te normaliseer, deur die toediening van die stikstof wat die gewas vereis. 'n Twee ton sojaboon oes sal 800 kg proteïen per hektaar verbruik. Dit vereis 'n groot hoeveelheid stikstof. Sojabone ontvang met normale enting en knopvorming 75% van die stikstof benodig vanaf die werking van die Rhizobium-bakterieë in die nodules, deur 'n chemiese, komplekse siklus wat goed bestudeer is. Ongeveer 25% van die beskikbare grondstikstof word vereis.

By die afwesigheid van knoppies kan jy dus 'n besluit neem om ekstra stikstof toe te dien om 'n goeie opbrengs te kry. Onthou dat slegs die pienk tot rooi knoppies aktief stikstof aan die plant verskaf. Gegewe die goeie vogtoestande, 'n voldoende plantestand en 'n onkruidvrye land, is dit dalk die enigste manier om 'n goeie oes te verkry. As jy onseker is oor hoe goed jou knopvorming is, kan jy jou sojaboonsaad verskaffer kontak wat die kundigheid het om jou te adviseer en te raadpleeg.

Indien jy gedurende Desember swaar reën gehad het, sal die toediening van kunsmis die grond losmaak en deurlug, sowel as onkruid tussen die rye beheer in die geval van konvensionele bewerking.

#### *Sojabone, sonneblom en mielies*

Ander gewas- en ekonomiese faktore wat in ag geneem en bestuur moet word gedurende Februarie kan die volgende insluit:

- Deurlopende inspeksie van jou gewasse vir onkruidinsekte en bakteriële en swamdodende infeksies. Die toepaslike opvolgbespuiting terwyl jy nog in die gewas met trekkers en onkruidspuite kan kom, moet beplan en oorweeg word.
- Inspeksie en 'n moontlike oes-evaluasie vir elke gewas om die korrekte haelversekeringsdekking wat nodig is, vas te stel. Dit sal ook help om te weet wat jou toekomstige kontantvloei sal wees sodat jy dit kan deurgee aan bestuurders of verskaffers van finansiering.
- Wees bewus van toekomstige prystendense en besluit of 'n verskansingsposisie in die termynmark geneem sal word. Jy kan altyd Graan SA of jou plaaslike koöperasie in hierdie verband raadpleeg.
- Moenie vergeet van die gedetailleerde beplanning vir die oes, stoor van die gewas en enige ander beplanning wat vereis word nie.

**ARTIKEL VERSKAF DEUR 'N AFGETREDE BOER**

# Dit begin alles op 'n jong ouderdom



**SENEKAL IS DIE VOEDINGSBRON VAN UITSTAANDE OPKOMENDE BOERE. IN 2010 WAS DIT WILLIAM MATASANE EN IN 2011 KOOS MTHIMKULU WAT DIE PRYS VIR DIE BOER VAN DIE JAAR GEWEN HET.**

Is dit 'n aanduiding dat Senekal die distrik is waar jy grond moet besit? Wat is so spesiaal aan Senekal dat ons boere baie suksesvol is, met inagneming van en vergeleke met die klimaatstoestande van die gebied wat by tye baie droog kan word?

Koos Mthimkulu het grootgeword in die Paul Roux distrik, baie soortgelyk aan Senekal. Sy passie vir boerdery ontwikkel op 'n baie jong ouderdom. Hy word blootgestel aan baie verskillende aspekte van die landbou en het baie ervaring van plaaswerk.

Sy werkgewer, Frikkie du Preez, was dalk nie bewus van die feit dat hy Koos opgelei, geleer en blootgestel het aan die "menslike hulpbronontwikkeling" (Dr Moll) model wat konsentreer op die ontwikkeling van die persoon en hom tot sy volle potensiaal ontwikkel het nie. Hy het nooit opgehou om Koos bloot te stel aan uitdagende situasies nie.

Koos het uiteindelik toerusting aangekoop en 'n kontrakteursbesigheid begin met Frikkie du Preez se hulp. Boere wat 'n gebrek gehad het aan kapasiteit, het van sy dienste gebruik gemaak. Koos vertel die verhaal van hoe Frikkie hom 'n planter gegee het om te kalibreer vir kunsmis/ha en saad/ha. Hy het Koos gelos om self uit te vind hoe om dit te doen. Nodeloos om te sê dit het 'n hele dag geneem, maar hy was suksesvol. Met geen oproepe na saadmaatskappye, het hy met lof daarin geslaag. Dit is bekend dat sukses sukses kweek.

Ek is positief dat hulle beide onbewus was van die bydrae van sulke uitdagings wat denkpatrone verbreed tot by 'n punt van "Moet nooit opgee nie" (Churchill).

Koos lag, "Jy weet, aanvanklik het ek gedink dat hy my te veel laat werk – dit was nie waar nie, hy was besig om my te leer".

Frikkie was 'n delegeerder en sy personeel moes dink en presteer, maar hy het ook geweet wat hulle beperkings was.

President Mandela het gesê: "Praat met 'n persoon in sy taal en jy praat met sy hart. Praat 'n ander taal praat en jy praat met sy ore." Frikkie praat die taal van sy hart wat die landbou is.

Koos het ambisie om sy eie grond te besit. Die Departement van Landbou en Grondsake het die plaas Astoria (524 hektaar) in die Senekal-distrik vir Koos aangebied as 'n "opsigter" boer. Indien dit suksesvol is, sou die titelakte volg. Die reëls het egter verander en Koos is in die duister oor wat die toekoms inhou.

Die huidige stelsel moedig nie regtig boere aan nie. Verbeterings en onderhoud onder die huidige omstandighede is nie 'n uitnodiging om geld te spandeer op 'n plaas wat jy nie besit nie.

Winsmarges is klein en die aankoop van grond plaas 'n swaar las op die toekomstige generasie. Ontwikkeling aan die een kant en die stryd teen insetkoste in 'n swak seisoen kan eindig in 'n ramp.

Koos en Lydia, (sy vrou) woon in die pragtige opstal. Lydia het 'n groot groentetuin aangeplant met alle soorte groente. Oorskot groente word plaaslik verkoop. Sy familie woon saam met hom op die plaas. Wanneer mens rondry op die plaas, is daar baie wat jy kan sien. Die personeel herstel toerusting in die goed toegeruste werkswinkel.

Clifford, sy seun, werk saam met Koos en is opgelei in die landbou. Clifford het 'n kursus in bemarking en bestuur. Hy gebruik dit baie nuttig in die besluitnemingsproses. Clifford is baie opgewonde oor die toename van hul Bonsmara-kudde.

# Dit begin alles op 'n jong ouderdom

'n Aantal kwessies wat hy genoem het waaroor hy bekommerd is:

- Insetkoste vir graanboerdery op hul plaas is 'n hoë risiko besigheid oor die lang termyn.
- Aardverwarming is nie 'n risiko om te ignoreer nie.
- Arbeid sal problematies in die nabye toekoms word. Die jeug is nie bereid om te werk nie, omdat plaaswerk baie fisiese werk is. Diegene wat wel aansoek doen vir werk, gaan weer gou weg.
- Die middelman maak groot wins uit die landbou. Ons sal dit nie kan hanteer nie, tensy kommoditeitspryse aansienlik styg.
- Bemarking deur SAFEX word nie altyd verstaan nie en veroorsaak probleme in besluitneming. Die konsep moet goed verstaan word.
- Reënval verspreiding in ons streek is nie goed nie. Periodieke droogtes kom voor en dikwels lei dit tot aansienlike verliese.

Beloftes van beeste van die LUR van Landbou het nie gerealiseer nie, om onbekende redes. Clifford handhaaf 'n baie intensiewe gesondheidsorg program vir sy vee. Hulle het voldoende voervloei. Die aanplant van mielies in treinspoorrye skep 'n geleentheid om groenvoer en Japannese radys tussen die rye te produseer vir die wintermaande.

Op die plaas wat aan die regering behoort, kan 'n paar van die tien boorgate op die eiendom ontwikkel word. Dit sal baie handig wees in die bestuur van weiding. Hopelik sal ons in staat wees om ons kudde te vergroot na 200 koeie. Swart opkomende boere is meestal eerste generasie boere. Die meerderheid het op plase gewoon en gewerk. Maar hulle was nog nooit betrokke in die besluitnemingsproses nie. Die konsep is vir die meerderheid nuut, selfs al blyk dit dat sommige goeie besluite neem.

Koos en Clifford is bygestaan deur Flip du Preez wat hul mentor is en sê die volgende: "Ons kon nie vir beter gevra het nie. Flip is so toegewyd, kundig en hulpvaardig. Met sy hulp is ons op die aanval en binnekort sal ons daarin slaag om ons vrese te besweer ".

Graan SA reël maandelikse studiegroepvergaderings, bevorder opleiding van vaardighede oor 'n wye spektrum van kwessies wat relevant is tot boerdery.

Koos is bekommerd oor die verskillende organisasies wat die landbou verteenwoordig. Boere, swart of wit, het dieselfde doelwitte en probleme. Verteenwoordiging deur verskillende organisasies maak nie sin nie. Eenheid maak mag. Kom saam, hou hande vas en benader die regering op 'n ander wyse. Nasionalisering sal nie werk nie, omdat die regering die enigste eienaar sal wees.

Ons spesifieke situasie is 'n voorsmaak van dinge wat kom. Om 'n opsigter te wees, is geen motivering nie, omdat jy jou hart op 'n plaas sit en dan moet los wat jy belê het as gevolg van politieke redes.

Ons sal 'n sukses maak van wat ons doen. Flip vul die gaping van die kennis wat ons nooit bereik het nie. As eerste generasie is ons goed op ons pad as voedselprodusente.

Die nederige, hardwerkende, entoesiastiese en eerlike boere waardeer elke bietjie inspirasie en hulp. Mense soos dié is die sout van die aarde en sal nooit misluk om voedsel te produseer nie.

**JAN DE VILLIERS, 'N AFGETREDE BOER**
***FOTO'S VERSKAF DEUR VKB***



*Koos Mthimkulu en sy seun, Clifford, met van die toekennings wat hy onlangs ontvang het.*




# Sojaboonkultivars
## – bepaalde en onbepaalde groei

**FEBRUARIE IS 'N GOEIE TYD OM 'N GOEIE BLIK OP DIE GROEI EN GESONDHEID VAN DIE VERSKILLENDE SOJABOONKULTIVARS WAT JY BESLUIT HET OM TE PLANT, TE HÊ. DIE GROEIWYSE EN EIENSKAPPE VAN 'N BEPAALDE KULTIVAR KAN GEVALUEER WORD ONDER JOU KLIMAATSTOESTANDE. DIE KULTIVARS WAT DIE BESTE PRESTEER KAN DAN GEBRUIK WORD IN TOEKOMSPRODUKSIE EN DIE SWAKPRESTEERDERS WEGGELAAT WORD.**

Baie produsente is verward oor wat 'n "bepaalde" of "onbepaalde" kultivar eintlik beteken. Produsente wil ook weet watter van die twee hooftipes die beste is om te plant.

### Kultivarselektering

Dit is baie belangrik dat 'n kultivar gekies word wat goed presteer in jou omgewing en op jou plaas om suksesvolle, fisiese en finansieel lewensvatbare produksie op jou plaas te verseker. Nuwe en verbeterde kultivars word voortdurend in die mark vrygestel deur kommersiële en privaatprodusente. Indien jy 'n nuwe sojaboonprodusent is, is dit nogal 'n verbysterende taak om die mees geskikte kultivar te kies. Indien daar ander produsente in jou omgewing is, is dit raadsaam om verskillende boere te besoek en notas te vergelyk oor die groei en prestasie van die kultivars wat verbou word.

Dit is ook interessant om die sojabone te sien op verskillende stadiums tot by oes om 'n gevoel te kry watter kultivars met verskillende groeieienskappe goeie opbrengs gee. Februarie is 'n goeie tyd om te beraadslaag met boere en verteenwoordigers of agente van saadmaatskappye. Probeer demonstrasieproewe en inligtingsdae bywoon waar moontlik. As jy saadtelers en insetmaatskappye kan aanmoedig om proewe op jou plaas of in jou omgewing te doen, is dit soveel beter. Dit is altyd raadsaam om verskillende variëteite op jou plaas te plant om jou kanse vir beter potensiële opbrengs te "verskans" onder die onvoorspelbare klimaatstoestande wat kan ontstaan gedurende die produk-sieseisoen.

Die meeste kultivars is egter getoets onder verskillende produksieomgewings vir opbrengspotensiaal en om eienskappe soos weerstand teen siektes, aalwurms, insekte en weerstand teen algemene onkruiddoders te bepaal.

Transgeniese kultivars het hul basiese genetiese samestelling wat bygevoeg is, sodat hulle 'n hoë weerstand teen glifosaat (Roundup) en ander chemikalieë wat onkruid dood, het. Hierdie kultivars maak 'n hoë persentasie uit van die kultivars wat nou wêreldwyd geplant word. Dit is so omdat die boer se onkruidbeheer fyn beplan kan word en het gelei tot beter oorhoofse bestuur en positiewe finansiële opbrengste. Indien moontlik, probeer om beide transgeniese en nie-transgeniese (standaard) kultivars as 'n proef op jou plaas te plant om uit te vind watter vaar beter en reageer die beste met jou eie bestuurspraktyke.

Kultivars wat nie goed doen in 'n bepaalde streek nie, word gewoonlik vinnig geïdentifiseer. Saad van die meer belowende of hoë-opbrengs kultivars kan gebruik word gedurende die volgende produksieseisoen.

### Groeiklasse

Sojabone word ook deur groeiklasse(MG) geklassifiseer. Die groeiklas kan ook gekoppel word aan 'n gebied of gebiede waar gevind word dat dit die beste aanpas. Die groeiklas sonering impliseer egter nie dat die kultivar nie elders gekweek kan word nie. Kultivars van verskeie groeiklasse wat vir verskillende sones geklassifiseer word, word egter dikwels met goeie resultate binne 'n spesifieke sone verbou. Weer eens het navorsing egter daarop gedui dat dit slegs deur middel van praktiese ervaring is wat jy kan uitvind watter kultivars die beste doen op jou plaas.

Die groei en ontwikkeling van plante by sojabone word bepaal deur die hoeveelheid sonlig wat gedurende 'n dag ontvang word en die heersende temperature gedurende hierdie tydperk. Sojabone is bekend as 'n kort dag plantspesie omdat die begin van die groei van die blomknoppe in die hoof meristeme en addisionele meristeme slegs ontstaan wanneer die dae korter is as sommige kritiese daglengtes gedurende die somerproduksie tydperk. Die kritieke daglengte is verskillend vir elke kultivar. Na die aanvang van die blomtyd, sal die heersende temperatuur bepaal wanneer die blomme sal verskyn.

Kultivars word dikwels ook beskou as vroeë, middel, of volseisoen. Die volseisoen sojaboonkultivars vereis meer hitte-eenhede as 'n middelseisoen of vroeëseisoen. Sojabone is baie sensitief in hierdie verband en boere moet onthou om beide lang en korter seisoen kultivars voor die aanvang van die plantseisoen te bestel en in voorraad te hou. In 'n jaar soos hierdie waar die vroeë somerreëns nie gerealiseer het soos voorspel is nie, beteken 'n kort seisoenkultivar die verskil tussen 'n oes of geen oes.

# Sojaboonkultivars – bepaalde en onbepaalde groei



Langseisoen kultivars wat later in November of Desember in die koeler dele, by hoer dele aangeplant is, sal waarskynlik nie so 'n goeie opbrengs lewer nie. Soms is daar genoeg sonenergie en temperatuur om baie goeie stam en blaarontwikkeling te bevorder, maar nie genoeg vir die ontwikkeling van saad nie.

## Bepaalde of onbepaalde groeiwyse

Die genetiese samestelling van sojabone bepaal grootliks watter gene teenwoordig is wat 'n invloed het op die stamgroeiwyse. Die plante het dus apikale meristeme wat begin blom wanneer die daglengte korter is as die kritiese daglengte vir 'n spesifieke planttipe.

By bepaalde plante begin beide die stamtoppe en ander meristeme op die hoofstam verander van 'n vegetatiewe fase en begin met die produksie van blomme. Met ander woorde, op hierdie stadium in die ontwikkeling begin alle potensiële blompunte wat in die vegetatiewe fase is, verander na blomme.

Die fases van ontwikkeling van bestuiwing en saadontwikkeling sal 'n aanvang neem op ongeveer dieselfde tyd. Die opbrengspotensiaal van die bepaalde plante is dus grootliks gevestig en het betrekking op die vegetatiewe groeistadium en ontwikkeling wanneer die kritieke daglengte bereik word.

Die bykans gelyktydige voorkoms van die blomme vind plaas by al die nodes plus die stampunt. 'n Leidraad vir hierdie stadium is dat die boonste blare gewoonlik so groot is as die onderste blare, maar kan kleiner wees as die ontwikkeling van plante met die aanvang van die kritiese daglengte gestaak het. Bepaalde plante het gewoonlik 'n duidelike groep peule by elke blomplant.

By onbepaalde plante begin die aanvang van die blomtyd ook op die apikale meristeme tydens die kritiese daglengte, maar die vegetatiewe groei hou steeds aan. Blom begin, maar strek oor 'n langer tydperk. Saadontwikkeling geskied dus steeds ook op die hoof-en ander stamme en strek ook oor 'n baie langer tydperk gedurende die groeiseisoen.

## Planthoogte en afstand van die laer peule van die grond af

Telers streef daarna om kultivars te kweek wat 'n afstand van 10 cm tot 10,7 cm tussen die grond en die eerste peule wat geproduseer word, het. Die korter volwasse of vroeëseisoen kultivars het soms 'n te kort afstand tussen die grond en die eerste peule en baie saad word vermors.

Dit is belangrik om jou planters en bewerkingsmetodes so aan te pas sodat plante nie in diep vore geplant word wat doeltreffende oes onmoontlik maak nie. Sojaboerdery gaan hand aan hand met kleinvee en in die geval van 'n kultivar wat nie groei soos beplan nie, kan die gewas en sade wat gemors word, baie goed benut word deur kleinvee. Hierdie hoë proteïen dieet is baie nuttig in die winter en die hoeveelheid proteïene wat benodig word in winterlekke, kan verminder word.

Daar is geen kortpad na die waarneming van die groeigewoontes van die kultivars wat jy gekies het nie, om sodoende goeie besluite vir die volgende produksieseisoen te maak.

ARTIKEL VERSKAF DEUR 'N AFGETREDEBOER

# Praktiese wenke om produksie bestuur te verbeter

**Om finansieel slim te wees, is dit noodsaaklik dat die bestuur van die produksieprosesse op 'n plaas elke jaar moet verbeter om suksesvol te bly. Die toepassing van die wenke wat bespreek is, sal jou help om dit te bereik.**

In 'n vorige artikel het ons bespreek hoe om die produksiebestuur van jou plaas te verbeter om 'n volhoubare wins te handhaaf deur die handhawing van 'n produksiebestuursprogram. In hierdie artikel sal ons die gesprek voortsit deur aandag te skenk aan 'n aantal ander praktiese wenke om produksie te verbeter.

## Hou rekords

In die eerste plek is dit belangrik om rekord te hou. Om in staat te wees om jou produksieprosesse voortdurend te verbeter, is dit absoluut noodsaaklik om behoorlike rekords te hou. 'n Mens kan nou die vraag vra: "Watter rekords moet ek hou?" In terme van produksiebestuur moet die volgende rekords ten minste gehou word:

- Rekords wat verband hou met vervaardiging;
- Bemarkingsrekords;
- Weer (reënval) rekords.

Ideaal gesproke moet finansiële rekords ook gehou word, maar dit sal later in 'n ander artikel bespreek word.

***Produksierekords***

Produksierekords is rekords van alle aksies wat gedoen is om jou gewasse te produseer, byvoorbeeld:

**Produksierekords vir mielieproduksie – 2011**

**Tot en met plant**

| Naam van land | Area ha | Strooi kalk kg & datum | Primere bewerking | Sekondere bewerking | Saadbed voorbedeiding | Plant datum | Kultivar | Plant populasie | Kunsmis plant tipe & kg |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Land 1 | | | | | | | | | |
| Land 2 | | | | | | | | | |
| Land 3 | | | | | | | | | |

**Na plant**

| Naam van land | Area ha | Onkruiddoders | Plaagdoders | Top bemesting tipe & kg | Stroop datum | Kg oes | Kg/ha |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Land 1 | | | | | | | |
| Land 2 | | | | | | | |
| Land 3 | | | | | | | |

# Praktiese wenke om produksie bestuur te verbeter

***Bemakingsrekords***

Bemarkingrekords is rekords wat die bemarking van jou produkte reflekteer.

| **Produkrekord** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Produk:________________** | | | **Maand:________________** | | |
| **Ge-oes** | | **Bemark** | | **Vermorsing** | **Totaal** |
| **Datum** | **Hoeveelheid** | **Datum** | **Hoeveelheid** | **Hoeveelheid** | **Bemark en vermors** |
| | | | | | |
| | | | | | |
| **Totaal** | | | | | |

Met 'n bietjie verbeelding kan hierdie rekords aangepas word by verskillende produksiestrategieë en enige soort gewas, insluitend groente en vrugte.

***Weer (reënval) rekords***

Hou rekord van ten minste daaglikse reënval op 'n manier wat jou pas. Bereken die totale reënval vir elke maand en elke jaar. Behoorlike reënvalrekords met verloop van tyd sal jou voorsien van 'n duidelike beeld van die algemene voorkoms van reën op jou plaas. Die gebruik van hierdie inligting kan jou help om meer wetenskaplik te werk te gaan by die beplanning van plantdatums en ander aksies, selfs by die hantering van beeste of skape – teelseisoene, beraming van weidingskapasiteit ensovoorts.

Die voordeel van die hou van hierdie rekords is dat jy presies weet wat jy die vorige seisoen gedoen het, wat dan die basis van die beplanning vir die volgende seisoen vorm – waar kan ek in terme van produksie en bemarking verbeter? Behoorlike rekords help ook om jou organisering en implementering van produksieplanne te verbeter. Behoorlike rekords kan ook die beheerfunksie van bestuur verbeter. Om 'n topboer te wees, moet jy in beheer wees deur te verseker dat die regte dinge op die regte manier gedoen word, deur die regte mense en op die regte tyd.

## Bekom 'n plaaskaart

Dit is absoluut handig om 'n kaart van jou plaas wat die fisiese uitleg en die posisie van alle infrastruktuur en landerye, kampe, paaie, riviere ensovoorts aandui, op te stel. Dui die area (ha) van die lande en kampe aan. Gebruik die kaart om elke jaar aan te dui waar (watter land) jy wat geplant het. Dit lyk dalk onnodig om dit te doen, veral as jou plaas nie baie groot is nie, want jy sal argumenteer dat jy alles kan onthou. Is dit regtig waar? Waarom nie jou lewe makliker maak deur die gebruik van die plaaskaart nie? Jy sal ook ervaar dat dit jou beplanning, organisering, selfs implementering en veral beheer, vaartbelyn maak.

## 'n Grondkaart is' n noodsaaklikheid

'n Grondkaart is 'n kaart wat die klassifikasie van die gronde op jou plaas aandui. Dit is egter 'n gevorderde tegniese hulpmiddel en jy sal die hulp van 'n grondkundige moet bekom om die kaart saam te stel. Om die gronde akkuraat te identifiseer, is dit nodig om 'n grondopname te doen. Die doel is om 'n akkurate rekords van die grondhulpbronne op 'n plaas te voorsien. Met die landgrense wat getrek is op 'n basiskaart, word die kaart gebruik om die potensiaal, beperkinge (beperkende lae soos ploegblaaie) en bestuur wat vir elke land op die plaas benodig word, te bepaal. Daarom, nadat die kaart saamgestel is, sal jy kennis hê met betrekking tot die produksiepotensiaal van al jou grond. Dit kan selfs lei tot 'n herbeplanning van jou lande en so verbeter jy.

Die kombinasie van die inligting van die grondopname met dié van grondontledings elke jaar, sal jou in 'n posisie plaas om jou produksie bestuursprosesse te verbeter – grondvoorbereiding, plantaksies – datums en plantpopulasie, bemesting ensovoorts.

Bestuur speel 'n belangrike rol in die landbou en die vlak van bestuur wat toegepas word op die natuurlike hulpbronne, waarvan die grond net maar een is, sal die winsgewendheid van die onderneming bepaal.

## Meer wenke

- Woon kursusse, boeredae, studiegroepvergaderings by, lees ensovoorts om jou kennis en vaardighede van die produksie prosesse van die produkte wat jy verbou, te verbeter. Jy sal ook bemagtig word om op hoogte van die jongste verwikkelinge te bly om jou produksie te verbeter. 'n Boer moet 'n lewenslange student wees.
- Met verwysing na die vorige wenk, moet jy jou produkte tegnies so korrek as wat dit prakties moontlik is, verbou. As jy op 'n diepte van vyf sentimeter moet plant, afhangende van die tipe gewas en grond ensovoorts is dit jou keuse om dit so te doen.

As gevolg van die finansiële uitdaging (koste-prys knyptang) van bestuur, is dit belangrik om jou produksie van jaar tot jaar te verbeter as jy op die langtermyn wil oorleef op jou plaas (produksie-eenheid). Pas hierdie wenke toe, jy kan net daarby baat.

**INLIGTING SAAMGESTEL UIT DIE PLAASBESTUUR VIR WINS HANDLEIDING DEUR MARIUS GREYLING**

***Hierdie spesiale bylaag is moontlik gemaak deur die bydrae van die Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust.***

# Ervaring van 'n leeftyd vir William

**DROME WORD WAAR, MAAR WILLIAM MATASANE HET NOOIT VERWAG OM SO BEVOORREG TE KON WEES OM HIERDIE DROOM TE ERVAAR NIE. WILLEM DEEL SY ERVARINGS MET PULA IMVULA:**

Die opwinding was oorweldigend en ek was uitgeput. Dit was 'n 17 uur lange vlug na Sydney, maar die vlug het so glad verloop dat ek selfs aan die slaap geraak het.

Ons het van Sydney na Brisbane gevlieg vir ons verblyf by Australiese gesinne. Daar was baie mense op die lughawe van verskillende lande en nasionaliteite. Ek was verbaas om te sien hoe vriendelik en behulpsaam hulle was.

Ons eerste besoek was aan 'n familieboerdery met kontantgewasse. Die verskillende gewasse geproduseer het ingesluit mielies, koring, katoen en sonneblom op 20 000 hektaar grond. Die hele plaas is bestuur deur net drie mense. Tussen hulle het hulle al die werk gedoen.

Die praktyk wat toegepas is, was geen-bewerking. Daar was geen grondvoorbereiding, behalwe chemiese onkruidbeheer nie en die grootte van die toerusting is enorm groot.

Wanneer die oesseisoen kom, word baie van die werk, soos vervoer, aan kontrakteurs gegee. Paaie is in 'n goeie toestand en die werk vloei teen 'n ongelooflike tempo. Graansilo's op plase is 'n algemene verskynsel.

Ons volgende besoek was aan Leigh en Megan, wat boer op 35 000 hektaar grond en konsentreer op Angus-beeste. Die Angus ras is baie gewild vir hamburgers.

Wanneer die verkope van vee aanbreek, is daar helpers te perd en skaaphonde wat help om vee nader te bring omdat die area so groot is. Dit neem ongeveer 2 - 3 dae om almal bymekaar te maak.

Australië is relatief vry van veesiektes en feitlik geen bosluise kom voor nie, dus is dit soveel makliker.

Kinders woon saam met hul ouers op die plaas en 'n busdiens laai hulle vir skool op en bring hulle terug in die middag na skool.

Ons is genooi om 'n rugbywedstryd by te woon en die motor waarin ons gery het, is by 'n kruising geparkeer, met die sleutels in die motor. Ons het by die groep aangesluit en na die wedstryd gery met 'n bus. Met ons terugkeer na die motor was die sleutels steeds in plek. Geen diefstal.

Brisbane is baie skoon en wette word toegepas vir oortredings. Herwinning van alle moontlike materiale word gedoen om die land geld te spaar en ook om werksgeleenthede te skep vir diegene wat die verwerking doen.

Mevrou Morgan, 70 jaar oud, haar drie seuns en drie helpers hanteer 'n voerkraal van 60 000 stuks vee, twaalf maande van die jaar.

Hulle het ook 'n Brahman stoet wat bulle grootmaak vir die telers. Kalwers word met die hand grootgemaak deur die byvoeging van eier by die melkaanvulling om die biesmelk van die koei te vervang.



## Ervaring van 'n leeftyd vir William

Tegnologie is gevorderd en maak die boerdery makliker. Omdat ek 'n kok in my jonger dae was, is ek uitgenooi om 'n "boerewors" braai te doen vir 'n groep boere. Ons het gebruik gemaak van tegnologie en 'n resep uit Suid-Afrika en gou het ons "boerewors" van die plaaslike slagter gehad. Wat 'n fees het ons gehad na die rugbywedstryd.

Ons besoek aan Sydney was baie aangenaam. Ons het 'n opera in die Opera Huis bygewoon. Die akwarium was 'n wonderlike ervaring met al die verskillende visse en selfs 'n "waterslang" waaroor ons dikwels praat terug by die huis.

Winkels is dikwels oop tot 01:00 in die oggend met mense wat die hele tyd inkopies doen. Plastiek geldnote en munte word gebruik en aanvanklik het ons gedink dit is Monopoly geld.

Met ons terugkeer op die vliegtuig, het baie gedagtes by my opgekom en ek het begin wonder wat ek anders sou doen? Watter lesse het ek geleer? Om 'n paar te noem, wil ek begin met die skoonmaak van ons leefruimte – herwin, dit skep werk. Mense moet eienaarskap van ons pragtige land neem.

Nadat ek geskryf het wat ek kon onthou, vergeet ek amper om my vriend te noem saam met wie ek op reis was. Johan Kriel van Graan SA. Ek dink ek weet waarom dit so gebeur het. Ek het 'n drie in die wedstryd gedruk en Johan is op 'n draagbaar van die veld afgedra, moeg.

Johan, Graan SA en almal wat betrokke was en wat die reis na Australië moontlik gemaak het, 'n groot dankie. Hierdie toer het my oë oopgemaak en my perspektief geweldig verbreed.

**JAN DE VILLIERS, 'N AFGETREDE BOER**

# Die tersaaklikhede van menslike hulpbronbestuur




**DIE MEESTE BESIGHEDE HET VERSKEIE HULPBRONNE – FINANSIËLE HULPBRONNE (DIE GELD OM DIE BESIGHEID TE BEDRYF), NATUURLIKE HULPBRONNE (GROND, RIVIERE, BERGE), INFRASTRUKTURELE HULPBRONNE (PAAIE, GEBOUE, SKURE), MEGANIESE HULPBRONNE (TREKKERS, IMPLEMENTE EN MASJIENE) EN MENSLIKE HULPBRONNE – OM MAAR NET 'N PAAR TE NOEM.**

As jou boerdery groei, word dit toenemend belangrik om 'n goeie arbeidsmag te hê, omdat jy nie in staat sal wees om al die werk alleen te doen nie. Jy sal moet staatmaak op bevoegde mense om sekere take te verrig terwyl jy besig is met ander.

Menslike Hulpbronbestuur behels die bestuur van alle aspekte wat verband hou met arbeid of werknemers of personeel. Basies word diensverhoudinge in 'n besigheid gereguleer deur 'n aantal wette, maar goeie leierskap en kommunikasie speel 'n belangrike rol. Die bestuur van hierdie area moet ook beplan, georganiseer, geïmplementeer en behoorlik beheer word.

Dit word algemeen aanvaar dat werknemers 'n reg het om die volgende te verwag van die eienaar/bestuurder:

- Toepaslike vergoeding vir die werk wat gedoen word, (hoe moeiliker die werk, hoe hoër die salaris, hoe langer die tydperk van diens, hoe hoër die salaris, hoe groter die vlak van verantwoordelikheid, hoe hoër die salaris. Nie alle mense is dieselfde nie en daarom word hulle verskillend betaal).
- Gepaste voorwaardes vir indiensneming (ure, verlof, ensovoorts).
- 'n Beplande werkvloei en behoorlike prosedures en toerusting om die werk te doen.
- Opleiding in veilige en behoorlike werkmetodes.
- Redelike oorweging van individuele, persoonlike behoeftes.
- Goeie kommunikasie, insluitend tydige inligting ten opsigte van veranderinge wat hulle raak.
- Om duidelik te kommunikeer oor wat van hulle verwag word en of hulle voldoen aan verwagtinge.

Aan die ander kant het die eienaar/bestuurder 'n reg om die volgende te verwag van sy werknemers:

- Wees gereed om betyds te begin werk en tot sluitingstyd te werk.
- Werk teen 'n normale aanvaarbare tempo vir elke uur van die dag.
- Hou by die metodes, prosedures en standaarde vir die werk.
- Werk veilig en in ooreenstemming met die reëls ten opsigte van veiligheid en vertroulikheid.
- Pas aan by die veranderinge wat ontwikkel is om produktiwiteit of doeltreffendheid te verbeter, met die voorwaarde dat hul posisies nie daardeur geraak word nie.
- Hou hom ingelig oor aangeleenthede rakende die werk.
- Om sy/haar pligte uit te voer volgens aanvaarbare beroepsgesondheid veiligheidsmaatreëls.

### Beroepsgesondheid en-veiligheid in die werkplek

Beroepsgesondheid en-veiligheid verwys na veiligheid in die werkplek en die handhawing van die goeie gesondheid van werknemers en werkgewers.

***Doelwitte van die beheer van die Wet op Beroepsgesondheid en-veiligheid in die werkplek (WBGV)***

- Om veiligheid en gesondheid te bevorder in die werkplek.
- Werknemer deelname aan die proses van die bevordering van veiligheid en gesondheid in die werkplek te verhoog.
- Groter voorkomende maatreëls ten opsigte van beroepsgesondheid en-veiligheid in te stel.

### *Omvang van die wet*

Die wet dek die meeste werkgewers en werknemers, sowel as gebruikers, ontwerpers, verskaffers en installeerders van masjinerie en toerusting. Dit sluit ook huishoudelike en landbouwerkers in. In teenstelling met ander arbeidswetgewing wat dekking beperk tot situasies waar 'n werkgewer-werknemer-verhouding teenwoordig is, het die OHSA betrekking op gesondheids-en veiligheidsregulasies in die vervaardiging, produksie of verkoop van masjinerie of stowwe wat gebruik word in die werkplek. Werkgewers moet die gesondheid en veiligheid van hul werknemers verseker, asook alle persone wat direk deur hul aktiwiteite geraak word.

### *Pligte van werkgewers*

Die wet bevat algemene pligte en spesifieke pligte. Die werkgewer se plig is om voorsiening te maak vir 'n werksomgewing wat veilig en sonder risiko's vir gesondheid is, sover dit moontlik en haalbaar is.

Ten einde dit te bereik, moet 'n werkgewer die volgende doen:

- Identifiseer die gevare in die werkplek teenwoordig;
- Evalueer die risiko's vir werknemergesondheid en veiligheid wat deur hierdie gevare verhoog word;
- In die lig van hierdie evaluering, stappe te doen om die gevare uit te skakel of te verminder.

'n Gevaar word gedefinieer as " 'n bron van of blootstelling aan gevaar" en die gevaar word gedefinieer as "enigiets wat besering of skade aan persone of eiendom veroorsaak". "Redelikerwys uitvoerbaar" word gedefinieer as "uitvoerbaar" met betrekking tot:

- Die erns en omvang van die gevaar of risiko betrokke;
- Die kennis wat redelik beskikbaar is met betrekking tot die gevaar of risiko, of die verwydering of vermindering van daardie gevaar of risiko;
- Die beskikbaarheid en volhoubaarheid om daardie gevaar of risiko te verwyder of te versag;
- Die koste van die verwydering of vermindering van daardie gevaar of risiko met betrekking tot die voordele wat daaruit voortvloei.

Ten einde hierdie algemene pligte te vervul, moet 'n werkgewer verseker dat:

- Werknemers behoorlik opdrag ontvang (oor die gebruik van masjinerie, oor die veiligheid, ensovoorts) en dat voorsorgmaatreëls nagekom word.
- Beskermende toerusting mag net gebruik word indien dit nie haalbaar is om die gevaar uit te skakel of te verminder nie.
- 'n Werkgewer mag nie aftrekkings doen van 'n werknemer vir beroepsgesondheid en-veiligheid of vir veiligheidsklere of toerusting nie.

Spesifieke pligte van 'n werkgewer is gekoppel aan bepaalde ondernemings en kan óf spesifieke aktiwiteite in die werkplek verbied en dat die aanleg, masjinerie en toerusting voldoen aan sekere spesifikasies, óf die gebruik van veiligheidstoerusting vereis. Sulke spesifieke pligte kan gepubliseer word as 'n regulasie tot die wet en kan óf 'n definitiewe fisiese standaard stel, of verwys na 'n standaard van voorsorg.

Dit is dus jou wetlike verpligting as die eienaar/bestuurder van 'n besigheid om te voldoen aan hierdie wette wanneer jy mense in diens het. As jy dit nie doen nie, stel jy jouself bloot aan swaar strawwe. Onthou die Departement van Arbeid neem arbeidsinspekteurs in diens wat jou besigheid kan besoek. Indien hulle jou plaas besoek en tekortkominge vind en wetlike vereistes wat nie nagekom word nie, kan hulle summier jou besigheid stop en vereis dat jy eers regstellings maak.





# Die tersaaklikhede van menslike hulpbronbestuur



Sommige van die groot probleme wat ondervind word, is:

- Geen kontrakte is beskikbaar nie;
- Werknemers word nie vergoed teen die minimum loon nie;
- Die korrekte verlof word nie toegestaan nie;
- Geen salarisstrokies word aan werknemers verskaf nie;
- Aftrekkings word nie behoorlik bestuur nie;
- Die dissiplinêre prosedures word nie korrek toegepas nie;
- Werknemers word versoek om langer ure te werk as die voorgeskrewe en word nie oortyd betaal nie;
- Indiensneming van kinderarbeid;
- Oortredings ten opsigte van beroepsgesondheid-en veiligheid.

As 'n werkgewer staan jy onder wetlike verpligting om jou werknemers op die regte manier te bestuur. As jy onthou, is dit die een deel van etiese gedrag, die ander deel is daardie "iets anders." Dit beteken nie dat jy te sag moet wees nie. Dit beteken dat jy billik moet wees en jou werknemers moet respekteer, en terselfdertyd ferm en streng moet wees.

Hoe jy jou werknemers motiveer om hul werk te doen, kan 'n groot invloed op die wins hê. Hardwerkende werknemers kan voordelig wees deur hul werk deeglik te doen sonder die vermorsing van hulpbronne.

## Praktiese voorbeelde

Kom ons kyk na praktiese voorbeelde:

### *Wat om te onthou*

- In terme van 'n besigheid is alles en almal wat by die besigheid betrokke is, hetsy dit die eienaar /s, bestuurders of werknemers is, het dit wat hulle doen, of nie doen wat hulle moet doen nie, 'n invloed op die wins (met ander woorde, hulle beïnvloed inkomste en/of uitgawes) van die besigheid.
- Diensverhoudinge word geraak deur 'n aantal arbeidswette.
- Beroepsgesondheid- en veiligheid het 'n invloed op die lewe en die gesondheid van jou werknemers.
- Gemotiveerde mense sal getrou werk.

### *Positiewe gedrag*

- Voldoen aan die minimum vereistes van al die wette soos van toepassing. Afgesien van boetes en/of tronkstraf opgelê vir nie-voldoening aan die arbeidswette nie, kan 'n besigheid ook vir 'n tydperk gesluit word om alle sake reg te stel.
- Hou alle rekords benodig, soos dienskontrakte, persoonlike inligting, inligting met betrekking tot tyd gewerk en vergoeding van werknemers, verlofrekords ensovoorts.
- Woon 'n kursus of werkswinkel by om kennis in te win en te weet hoe om hierdie aspek behoorlik te bestuur.
- Woon 'n kursus of werkswinkel by om die kennis in te win en te weet hoe om beroepsgesondheid-en veiligheid behoorlik te bestuur.

### *Negatiewe gedrag*

- Negatiewe gedrag sou die omgekeerde van positiewe gedrag wees, soos:
  - Om nie die minimum loon en oortyd soos vereis word, te betaal nie;
  - Om nie te registreer vir die WVF-en Ongevalle nie;
  - Om nie alle rekords te hou soos vereis nie;
  - Moet nie jou werknemers se verlof steel nie;
  - Moet nie jou werknemers aanrand nie;
  - Om nie te voldoen aan alle maatreëls ten opsigte van beroepsgesondheid-en veiligheid nie en van jou werknemers te verwag om te werk onder onveilige omstandighede en te werk met onveilige implemente, masjinerie en gereedskap.

Maar meer belangrik is dat behoorlike bestuur van hierdie area deur bestuur dien as 'n baie goeie motiveerder van werknemers, bloot omdat hulle weet dat hulle regverdig en met respek behandel word, maar streng. Onthou dat werknemers hul "base" bespreek wanneer hulle mekaar ontmoet en as jy nie jou mense met respek behandel nie, sal ander bewus wees daarvan. Jy kan dan uiteindelik sit met swak werknemers en 'n hoë werknemer omset.

As jy jou werknemers met respek behandel, sal jy gerespekteer word.

### *Die resultaat*

- Die keuse is joune. Wil jy 'n gerespekteerde werkgewer wees?
- Onthou dat wanneer jy eers op die rekord van die Departement van Arbeid is, kan jy meer besoeke verwag. En wanneer geskille ontstaan, wie gaan die voordeel van die twyfel kry?

**INLIGTING AANGEPAS UIT DIE BESIGHEIDS-ETIEKKURSUS DEUR MARIUS GREYLING**

*Die publikasie word moontlik gemaak deur die bydrae van die Mielietrust.*

GRAAN SA
Posbus 88, Bothaville, 9660
(056) 515-2145
www.grainsa.co.za

PROGRAMBESTUURDER
***Jane McPherson***
082 854 7171

BESTUURDER: OPLEIDING & ONTWIKKELING
***Willie Kotzé***
082 535 5250

SPESIALIS: VELDDIENSTE
***Danie van den Berg***
071 675 5497

VERSPREIDING: PULA-IMVULA
***Debbie Boshoff***
(056) 515-0947

PROVINSIALE KOÖRDINEERDERS
***Daan Bosman***
Mpumalanga (Bronkhorstspruit)
082 579 1124

***Johan Kriel***
Vrystaat (Ladybrand)
079 497 4294

***Jerry Mthombothi***
Mpumalanga (Nelspruit)
084 604 0549

***Lawrence Luthango***
Oos-Kaap (Mthatha)
083 389 7308

***Jurie Mentz***
KwaZulu-Natal en Mpumalanga
082 354 5749

***Ian Househam***
Oos-Kaap (Kokstad)
078 791 1004

***Naas Gouws***
Mpumalanga (Belfast)
072 726 7219

ONTWERP, UITLEG EN DRUK
***Infoworks***
(018) 468-2716
www.infoworks.biz

PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:
***Afrikaans,***
Engels, Tswana, Sesotho, Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

*Ons poog om die beste moontlike publikasie uit te gee. Enige voorstelle of terugvoer oor die redaksionele inhoud of aanbieding, kan gerig word aan Jane McPherson.*